# Sanlam-Staptoerklub
# Sanlam Hiking Club

*Kom verken die land saam met ons*

2026-program

www.sanlamstaptoerklub.co.za

| **STRAND: PAARDEVLEI NA PAVILION EN TERUG** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 10 Januarie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 5 Januarie |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:00 by Paardevlei se parkeerplek |
| **Stapleier** | Steph du Toit by 082 851 9953 |
| **Graad** | 1A (redelik, 11 km) |
| **Groepgrootte** | Onbeperk |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. Jy kan met tekkies of goeie plakkies ook stap. |
| **Koste** | Brandstofkoste R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Steph sê**: **Steph sê**: Ons begin Paardevlei want die parkeerplek hier is beter. Ons stap eers rondom die vlei en kies dan koers kuslangs en stap na die Pavilion en terug. Trek gerus jou swemklere onder jou stapklere aan indien jy langs die pad 'n "dip wil vang"! Terug by Paardevlei is daar 'n gesellige plekkie waar ons koffie kan drink. Ons beoog om teen 07:30 te begin. Die afstand is 11 km en ons behoort so teen 11:00 klaar te wees. Sien julle daar! | |

| **BLOUBERG (EDEN BAY) NA KREEFTEBAAI EN TERUG** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 17 Januarie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 5 Januarie |
| **Beginpunt- en tyd** | 09:00 by Eden on Bay winkelsentrum |
| **Stapleier** | Freddie Pohl by 074 304 7678 |
| **Graad** | 1A (redelik, sowat 10 km) |
| **Groepgrootte** | Onbeperk |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. Jy kan met tekkies of goeie plakkies ook stap. |
| **Koste** | Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Freddie en Susan sê**: Hierdie is nog 'n kry-die-jaar-op-die pad seestap vanaf Eden Bay by Bloubergstrand na Kreeftebaai en terug. Mooi uitsigte oor Tafelberg en Robbeneiland. Die weer wat vir Saterdag voorspel word, is baie matig met 24 grade Celsius maksimum. Ons kry mekaar naby die groot geel fotoraam voor die sentrum se eetplekke op die seefront – dit is naby Happy Folks en die Fat Cactus. Kan agterna koffie drink of roomys eet. | |

| FRANSCHHOEK: LA MOTTE | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 24 Januarie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 12 Januarie |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by La Motte se proelokaal |
| **Stapleiers** | Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216 |
| **Graad** | 1B (6 km; 350 m klimhoogte) |
| **Groepgrootte** | 10 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Stappermit: R90 (sluit kaart en bottel water in). Brandstofdonasie R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

**Werner en Brenda sê:** Hierdie sirkelroete op die plaas La Motte (op R45 net voor Franschhoek) begin by die proelokaal en loop deur die koppies agter die plaas met fantastiese uitsigte oo die Franschhoek-vallei. La Motte stel 'n bedryfstandaard vir die bewaring van biodiversiteit. Veilige parkering. Die La Motte Artisanal Bakery and Garden Café is 'n opsie vir koffie agterna. (La Motte sluit die roete indien die temperatuur bo 35 grade C styg.)

| FRANSCHHOEK: VOLMAANSTAP, PLAISIR ESTATE | |
|---|---|
| **Datum** | Sondagaand 1 Februarie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 19 Januarie |
| **Beginpunt- en tyd** | 17:45 by Plaisir Wine Estate se parkeerplek, Franschhoek |
| **Stapleiers** | Gerrit en Mariette Nortjé by 082 929 8493 |
| **Graad** | 2A (redelik, 11 km, klimhoogte 304 m, geleidelike klim) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir volmaanstap met piekniekkos, FLITS, stapstok, reënbaadjie en beanie, genoeg water, glas of beker vir wyn, ens. |
| **Koste** | Permitkoste R250 (kinders onder 14 gratis, pensioentrekkers 50% afslag; sluit Banhoek-bewarea se fooi in; sluit glas wyn in). Brandstofdonasie R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

**Gerrit en Mariette sê**: 'n Sondag-aand met 'n verskil! Die sirkelroete begin by die parkeerplek van Plaisir-wynlandgoed (op R45) naby Simondium, Franschhoek, en loop deur die wingerde en inheemse fynbos na 'n uitkykpunt teen die hange van Simonsberg. Hier hou ons piekniek. Dit is baie spesiaal om hier te sit en kyk hoe die maan oor die berge van die Franschhoek-vallei opkom (maan kom 19:48 op). Begroot sowat 4 uur vir die hele stap (sluit tyd in vir piekniek by die uitkykpunt). Sien ook https://www.entryninja.com/events/82748-feb2026-full-moon-hikes.

| SEEPUNT-STAP (QUEENS BEACH NA V&A WATERFRONT EN TERUG) | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 7 Februarie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 26 Januarie |
| **Beginpunt- en tyd** | 06:45 by Queens Beach-parkeerarea in Seepunt |
| **Stapleiers** | Kobus en Edna Terblanche 082 379 3171 |
| **Graad** | 1A (stapafstand 10 km) |
| **Groepgrootte** | Onbeperk |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

**Kobus en Edna Terblanche sê**: Ons begin vroegoggend by die Queens Beach-parkeerarea in Seepunt (ons sal PIN stuur) en stap al met die promenade langs tot by die bekende Oranjezicht-mark ("Recognized globally, including being named one of the top 20 farmers' markets worldwide by The Independent UK ... Supporting over 40 local farmers and 80 artisanal food traders"). Die mark, wat nou V&A Waterfront toe geskuif het, is dan ons omdraaipunt. Een van die moeite-werd dinge langs die pad is

| |
|---|
| die uitstalling van foto's van die jaarlikse Orms & Canon wit-en-swart fotokompetisie teen die promenademuur. ("Chasing Contrast" celebrates South Africa's cities, heritage, landscapes, and everyday beauty through the timeless art of monochrome. No colour, no distractions, just light, texture, and emotions.) Swem in die getypoel is ook 'n opsie. |

| **ALGEMENE JAARVERGADERING** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 14 Februarie 2026 om 11:00 – 14:00 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 12 Januarie |
| **Plek** | Kaapzicht-wynplaas op die Bottelarypad (dieselfde afdraai as Mooiplaas) |
| **Op die agenda** | Kom kry jou boekieprogram met al die stapinligting (koste, roetebeskrywings, moeilikheidsgraad, ens.), help om die nuwe bestuur te kies, en kuier lekker oor kaasborde, pizzas en 'n glasie wyn of vrugtesap. Bespreek voor Dinsdag 10 Feb om 12:00 by Amanda Matthee by 082 570 3895 of amandam@mweb.co.za.<br><br>**Op die agenda**: Ons gee 'n kort verslag oor die jaar wat verby is, kies die nuwe bestuur, en deel van boekie-program (met stappe se roetebeskrywings, afstande, koste, ens.) uit, verduidelik 'n paar van die langstappe en ander spesiale stappe, en deel die kilometer-wapentjies uit aan die langasems.<br>**Plek**: Kaapzicht-wynplaas op die Bottelarypad (dieselfde afdraai as Mooiplaas). Hulle het 'n lekker breë stoep waar ons by lang tafels sit.<br>**Spyskaart**: Pizzas, wyn en druiwesap<br>**Koste**: **Koste**: R150 per persoon. Betaalbaar by die venue. Yoco-kaartmasjien beskikbaar. (As jy na 10 Feb kanselleer, moet jy nog altyd betaal.)<br>**Wie wil jy op 2026 se bestuur sien?** Stuur asb jou nominasies aan amandam@mweb.co.za teen Donderdag 12 Feb. |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 of amandam@mweb.co.za |
| **Koste** | R150 per persoon, betaalbaar by die beginpunt |

| **MAJIK FOREST, DURBANVILLE** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 21 Februarie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 9 Februarie |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:00 agter die Spar bokant die Majik Forest |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Stapleier** | Estelle Zietsman |
| **Graad** | 1A (stapafstand 9 km, twee geleidelike bulte) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie: sal afhang van waarvandaan jy ry. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Estelle sê**: Ons parkeer aan die agterkant van die Spar-winkel by die Majik Forest-winkelsentrum en kom by die Majik Forest se "boonste hek" (naaste aan Spar) bymekaar. Ons neem die "breë pad" tot by die hek aan die Jip de Jager-kant van die reservaat, stap oor die riviertjie en dan deur die woud-gedeelte tot weer by die boonste hek. Hier neem ons 'n jeeppad tot op 'n koppie waar ons ons koffie drink en broodjies eet en die uitsigte geniet. Daarna stap ons weer terug tot by ons motors. Die Majik Forest-bewaringsgebied vorm deel van die Tygerberg-heuwels en is grootliks met renosterveld oortrek. Lekker vroegoggend-stap! | |

| HERMANUS-KUSPAD | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 28 Februarie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 16 Februarie |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by Grotto-strand, Hermanus |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | 1A (stapafstand 9 km, twee geleidelike bulte) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie: R190 (120 km x 2) (motor met 3 betalende passasiers OF reël self onderling). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

**Amanda sê**: 'n Dag by Hermanus! Ons stap vanaf Grotto Beach se parkeerarea tot by die Nuwe Hawe en weer 'n ent terug op die bekende Hermanus-rotspad (Hermanus Cliff Path Walk). Die paadjie is onlangs met 3 km verleng sodat jy vanaf die Ou Hawe (dit was in die verlede die eindpunt) tot by die Nuwe Hawe kan stap. Die roete vorm deel van die Fern Kloof-bewaringsgebied en bied fantastiese uitsigte oor Walkerbaai en die ruwe kusgebied. Ons loop verby plekke met name soos Lawaaiwater, Kammabaai, Tamatiebank en Platbank. Die roete het verskeie toekennings gewen, onder meer die SA Institution of Civil Engineering (SAICE) se Goue Toekenning vir die Poolebaai-brug. Daar is ook plek vir swem in die getypoele – bring gerus swemklere saam. Ons kan die markie by die Ou Hawe besoek en vis en chips by die Nuwe Hawe eet. Hermanus is 'n entjie om te ry, maar hierdie rotspad is beslis die moeite werd.

| MEERENDAL, DURBANVILLE | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 7 Maart 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 23 Februarie |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:00 by Meerendal |
| **Stapleiers** | Arie en Arina van Eck by 084 626 3301 |
| **Graad** | 2A (10 km, klimhoogte 449 m) |
| **Groepgrootte** | Onbeperk |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit: R40. Brandstofdonasie: sal afhang van waarvandaan jy ry. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

**Arie en Arina sê**: 'n Lekker stap wat goeie oefening bied in die heuwels buite Durbanville. Die Dorst-koppie bied 'n stewige klim van so 'n bietjie meer as 1 km. Die roete het baie mooi uitsigte oor die wingerde en omringende plase. Goed vir fiksheid opbou.

| BAINSKLOOF-STAP: DIENS LUIPERDKAMERA | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 14 Maart 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 2 Maart |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:00 by Eerste Tol, Bainskloofpas |
| **Stapleier** | Steph du Toit by 082 851 9953 |
| **Graad** | 2A (500 m klimhoogte), 4 km tot by kamera (8 km in totaal) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Geen permitkoste nie. Brandstofdonasie: R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

| |
|---|
| **Steph sê**: Die Kaapse Luiperdtrust gebruik navorsing oor luiperds in die Kaapse berge vir die bewaring van luiperds. Sanlam-Staptoerklub ondersteun hierdie inisiatief deur twee luiperdkameras te borg. Die kameras is in Februarie 2015 in Bainskloofberge geïnstalleer. Ons diens die kameras elke paar maande. Die Luiperdtrust kan baie inligting uit die foto's op die kamera aflei – soos hoeveel luiperds daar is (elke luiperd se kolle is uniek) en wat hul kondisie is. Sien http://capeleopard.org.za/research/leopard/boland. |

| **JONKERSHOEK: YELLOWWOOD EN TWIN PEAKS CONTOUR** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 21 Maart 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 9 Maart |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:00 by Jonkershoek se hek |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |
| **Graad** | 2B (stapafstand 14 km, 700 m klim, geleidelik) |
| **Groepgrootte** | Onbeperk |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit: R70 (geen Wildcards – dit is 'n MTO-roete). Brandstofdonasie: R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Werner sê**: Ons begin stap by Jonkershoek-natuurreservaat se hek en stap die eerste deel van die Yellowwood-roete voordat ons verder met die Twin Traverse-roete aanstap. Ons klim tot op die boonste kontoer en stap tot in 'n kloof met 'n waterval waar ons dan vir middagete stop. Langs die pad sal ons nog mooi klowe besoek. Baie mooi uitsigte oor die Jonkershoekvallei. | |

| **WILDERNIS-WEGBREEK (MET EBB & FLOW AS BASIS)** | |
|---|---|
| **Datum** | Vrydag 27 Maart tot Woensdag 1 April 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 5 Januarie |
| **Basis** | Sanparke se Ebb & Flow Kampeerterrein by Wildernis |
| **Stapleiers** | Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171 |
| **Graad** | verskeie dagstappe en aktiwiteite wat wissel van 1A tot 2B |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | 5 nagte se kamp, met dagstappe. (Al die etes is vir jou eie rekening. Ons het 6 staanplekke – 1 voertuig per staanplek toegelaat, anders is daar ekstra koste. Elke staanplek sorg vir sy eie braaihout.) |
| **Koste** | Sowat R1300 pp vir die 5 nagte se kamp en aktiwiteits- of dagstappermitte. Plus Sanparke se bewaringsfooie van R305 (of gratis as jy Wildcard het). Brandstofdonasie: R1150 (940 km altesaam) (vir voertuig met 2 betalende passasiers; sal minder uitwerk indien voertuig meer passasiers kan neem; OF reël self onderling). Adminheffing R50 (lid) / R100 (besoeker). |
| **Kobus en Edna sê**: Hierdie is jou kans om Wildernis en die Tuinroete behoorlik te verken:<br>• **Vrydag 27 Maart**: Ry Wildernis toe en slaan kamp op. (Wildernis is 10 km oos van George op die N2.)<br>• **Saterdag 28 Maart**: Vertrek 06:45 met motors na Sfinks-parkeerarea (40 km se ry heen en weer). Stap seelangs na Gericke se Punt en terug (4 km). Besoek die gewilde Wild Oats Community Farmers' Market by Sedgefield waar ons ontbyt kan eet en beslis 'n craffin (croissant en muffin gemeng) moet proe! Daarna volg 'n stap (5 km) by die Simbavati Lodge met sy zebras, bokke, en uitsigte oor die see en lagoon, en die Hippiegrot (4 km). Res van die dag vry (moontlike opsies – | |

| |
|---|
| eie koste – is kajak ry op die rivier, e-bikes, paragliding, die omgewing verken, oefen vir die "ysterman-kompetisie"). Ons braai en kuier die aand saam.<br>• **Sondag 29 Maart (permit of Wildcard)**: Stap die Brown King Fisher roete (6 km) en Grootboom-roete by Hoekwil (7 km) (ry-afstand van altesaam 12 km), en eet van die beste kaaskoek in die land. Braai en kuier die aand saam.<br>• **Maandag 30 Maart**: Stap see toe, swem, stap sirkelroete deur Wildernis (geniet middagete) en dan terug tot by kamp (15 km). Middag: "Ysterman-kompetisie" met pryse. Aand: Potjiekos-kompetisie met pryse.<br>• **Dinsdag 31 Maart (permit of Wildcard)**: Die hoogtepunt van ons stappe – die Giant King Fisher (12 km) met ontbyt/piekniek by die waterval en swem. Res van die dag vry. Braai vir oulaas saam.<br>• **Woensdag 1 April:** Pak op (ons moet teen 10:00 uit wees) en ry terug Kaap toe. |

| **OSSEWA-ROETE, GANTOUWPAS, SIR LOWRYSPAS** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 11 April 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 23 Maart |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:30 by Steenbrasdam se ingang op Sir Lowryspas |
| **Stapleier** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | 2B (10 km, 450 klimhoogte) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. FLITS om deur tonnel te stap. |
| **Koste** | Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Amanda sê**: Hierdie roete wat in Sir Lowryspas begin (net oor die nekkie, regoor die ingang na die Steenbrasrivierdam) en deur die Hottentots-Holland-natuurreservaat loop, neem jou tot op 'n nekkie waar 'n ou kanon is, en dan af met 'n paadjie verby ossewaspore uit die 17de eeu. As ons onder by die treinspoor kom, draai ons links, stap deur 'n baie donker treintonnel (bring sterk flitslig) van sowat 100 meter, en kry dan die paadjie wat ons weer terugneem na die motors toe. Die ossewaspore in die sandsteen is in 1958 tot Nasionale Monument verklaar. Dit is ongelooflik dat die ossewaens deur die bergpas kon kom. Die Khoi-veewagters het na hierdie roete as "Gantouw" verwys. Gantouw beteken eland. Die vroegste aangetekende tog deur die pas was in 1662 deur Hendrik Lacus, 'n landmeter van die Hollandse Oos-Indiese Maatskappy. Teen 1821 is meer as 4 500 ossewaens elke jaar deur die Gantouwpas (Hottentots-Holland Kloof). Mooi stap, interessante geskiedenis. | |

| **BERGRIVIERDAM – ENGELSE FORT, FRANSCHHOEK** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 18 April 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Dinsdag 7 April |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:00 by Robertsvleipad se hek |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |
| **Graad** | 2B (veeleisend; 21 km). |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit: R80 kontant of Zapper / Snapscan. Brandstofdonasie: R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

| |
|---|
| **Werner sê**: Ons begin die stap op 'n jeeppad met mooi uitsigte oor die Bergrivierdam. Ons moet dan 'n rivier kruis waar ons partykeer skoene moet uittrek. Ons kan ook afdraai na die waterval toe vir 'n lekker teebreek. Van hier af pak ons toe die roete aan na die Engelse fort. Ons klim op in die kloof en kruis nog 'n paar stroompies en riviertjies. Ons klim die laaste deel in die kloof op tot by die nekkie waar ons 'n welverdiende middagete by die Engelse fort sal geniet. Ons kan ook verder stap tot by die volgende uitkykpunt. Ons kom met dieselfde roete terug. 'n Lekker vol dag se stap in die berge buite Franschhoek. |

| **KAMPNAWEEK BY BONNIEVALE EN ROBERTSON** | |
|---|---|
| **Datum** | Vrydagmiddag 24 tot Maandag 27 April 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 19 Januarie |
| **Basis** | Leopard Trail Gasteplaas – https://www.leopardtrail.co.za/ – teen die hange van die Langeberge op die R60 tussen Swellendam en Ashton (naby Bonnievale). Die plaas is sowat 180 km vanaf Bellville. |
| **Stapleiers** | Freddie en Susan Pohl by 074 304 7678 |
| **Graad** | Saterdag 2B (8 km), Sondag 2B (12 km), Maandag kort roete. |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir kampnaweek wat uit dagstappe bestaan. Bring eie tent, kamptoerusting, ens. *Maak gereed vir enige soort weer.* |
| **Koste** | Kampkoste: R540. Brandstofdonasie: R420 (180 km x 2 = 360 km) (vir voertuig met 2 betalende passiers OF reël onderling). Adminheffing R30 (lid) / R60 (besoeker). R70 permitkoste vir Saterdag se stap. (Opsioneel: 4x4 sundowner-rit teen die berg op teen R100 pp; begeleide ekskursie na waterval op die plaas teen R50 pp. Besoek die oord se motormuseum teen R40 pp.) |

**Freddie en Susan sê**: Ons basis vir drie aande is die Leopard Trail Gasteplaas se kampeerterrein. Geen elektrisiteit nie, maar volop boomskadu, grasperke, warm water, spoeltoilette en ander ablusie-geriewe. Hout en ys te koop.

**Saterdag**: Ry na Van Loveren-wynplaas 23 km vanaf ons blyplek en stap die Bergroete (2B: 8 km, 470m klimhoogte). Heelwat oppe en affe op die sirkelroete maar beslis die moeite werd.

**Sondag**: Roete op Leopard Trail plaas (2B, 12 km, stewige klimhoogte).

**Maandag**: Waterval-roete of 'n ander kort stap sodat ons teen 11:00 kan begin klaar maak om huis toe te ry.

**Etes**: Vrydagaand: elkeen sorg vir hom-/haarself. Reëlings vir Saterdag en Sondag se aandetes (met minstens een braai) en verwante koste volg via WhatApp.

**Ander fasiliteite by die oord**: 4x4 roete, ses damme vir visvang, roei en swem. 'n Kaaskoopstop kan moontlik by Bonnievale se Parmalat of Lamont (5 km van die oord) vir die Maandag gereël word.

| **ZEVENWACHT, KUILSRIVIER** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 2 Mei 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 20 April |
| **Beginpunt** | 08:00 by Zevenwacht – http://zevenwacht.co.za/map/ |
| **Stapleiers** | Arie en Arina van Eck by 084 626 3301 |
| **Graad** | 2B (redelik; 10 km) |
| **Groepgrootte** | 15 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Stappermit R60. Brandstofdonasie R60 (afhangend van hoe ver jy moet ry). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

| |
|---|
| **Arie en Arina sê**: Die roete loop deur die wingerde op die Zevenwacht-landgoed by Kuilsrivier en bied pragtige uitsigte oor Tafelberg, Valsbaai, Gordonsbaai en Tafelbaai. Ons omdraaipunt is 'n klein lapa bo-op 'n koppie. Die 10 km in die buitelug is net wat jy nodig het om uit jou gewone naweekpatroon te kom. Daar is ook die opsie van 'n wynproe of koffie en croissants agterna. |

| **PAARLBERG (vanaf Spice Route)** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 9 Mei 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 27 April |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:30 by Spice Route |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Stapleier** | Beulagh Keulder |
| **Graad** | 2B (sowat 16 km) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | R100 brandstofdonasie. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Beulagh sê**: Ons beginpunt is die Spice Route Destination op die Suid-Agter-Paarl-pad – sien https://www.spiceroute.co.za/. Ons stap 'n lekker lang roete deur die Paarlberg-natuurreservaat wat ons verby al die hoogtepunte en uitkykpunte neem. Ons stap onder meer verby die Taalmonument. | |

| **ALPHEN-ROETE, CONSTANTIA** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 16 Mei 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 4 Mei |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by Alphen Hotel, Constantia |
| **Stapleiers** | Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171 |
| **Graad** | 1A (redelik gelyk), 14 km |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | R100 brandstofdonasie. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Kobus en Edna sê**: Die 14 km stap in die Constantia-vallei se groen gordel begin by die Alphen Hotel (Alphen Drive, Constantia http://www.alphen.co.za/pdf/Alphen_Directions.pdf) en bestaan uit 'n aantal korter roetes wat saam die 14 km opmaak. Dit is 'n boomryke roete wat heelwat skadu bied. Ons begin met die Alphen Trail (parkeer motors – "most people park their cars on the bend of Alphen Drive that leads off Constantia Main Road to the Alphen Hotel"). Die roete loop langs die Dieprivier tot by Constantiaberg (met 'n paar bruggies oor die rivier) tot by Le Sueur Avenue in die rigting van Hohenort. Dan stap ons op die Klaasenbosch-roete (stap verby Hohenort Hotel) deur 'n deel van Kirstenbosch tot by Cecelia Forest, De Hel Nature Area via die Dieprivierroete terug na ons motors. | |

| **TAFELBERG: OVERSEER'S COTTAGE – MET DAGSTAPPE** | |
|---|---|
| **Datum** | Vrydag 22 tot Sondag 24 Mei 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 16 Februarie |
| **Beginpunt- en tyd** | Vrydagmiddag 22 Mei by Constantianek (presiese reëlings word nader aan die tyd getref) |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |

| | |
|---|---|
| **Graad** | 2B (redelik, 1 lang dagstap, 1 korter dagstap) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir 'n oornagstap met 'n groot rugsak om by die oornaghut uit te kom. Pak ook 'n dagsakkie in vir die twee dagstappe op die berg. Maak seker jy het genoeg warm klere en maak gereed vir enige soort weer. Die Overseer's Cottage het beddens met beddegoed en handdoeke, kombuis, storte, ens. Bring flitsligte en lampies. Ons moet charcoal tussen 16 van ons verdeel vir die twee aande se braai. |
| **Koste** | Permit R862 pp vir 2 nagte (met aanpassing vir 2026-tariewe). Brandstofdonasie R100. Adminheffing R20 (lid) / R40 (besoeker). |
| **Werner sê**: Julle weet daardie kliphuis op Tafelberg se agterste tafel waar ons altyd verbyloop (by die kraan waar ons altyd op die muurtjie sit) op pad om iewers op die berg te gaan stap? Ons gaan twee aande hier bly en dan dagstappe op die berg doen. Ons gaan dus luuks bly en lekker stap. En laatmiddag, wanneer al die dagstappers van die berg af is, het ons die hele berg vir onsself. #Wêreldvrede. Die hut het beddens en beddegoed, en 'n kombuis met breekware, ens. Geen elektrisiteit, maar daar is 'n gasstoof, -yskas en -geysers. Ons kan vanaf 14:00 die Vrydagmiddag inklok. Die plan is om Vrydagmiddag vanaf Constantianek met die trappiespad op te stap en om Saterdag 'n goeie dagstap te doen. Ons kan Sondag 'n vroegoggend stap doen (ons moet 10:00 uit wees) voor ons weer terugstap met die trappiespad na Constantianek. Ons gaan reël om Vrydag ons voertuie iewers veilig te parkeer en dan 'n shuttle tot by Constantianek te neem. Maak nie saak wat die weer maak nie, ons gaan die meeste van hierdie fantastiese geleentheid maak! | |

| **KIRSTENBOSCH SILVERTREE-ROETE** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 30 Mei 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 18 Mei |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by Kirstenbosch se Rycroft-hek (Hek 3) |
| **Stapleier** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | 2B (stapafstand: 11 km. Klimhoogte: 453 m) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Toegang by Kirstenbosch R100. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Amanda sê**: Ons kom om 08:00 by die Rycroft-hek (Hek 3) bymekaar. Daar is parkeerplek aan die linkerkant van die pad – sien kaart hier: https://www.sanbi.org/wp-content/uploads/2018/11/Kirstenbosch-Garden-Map-2018-W.pdf. Die Silvertree-roete kombineer die mooiste van Kirstenbosch met 'n redelike klim tot op die 300-meter kontoerpad en dan 'n goeie afdraand tot weer in Kirstenbosch – 'n goeie 11 km se stap. Ons eet middagete by die "scree belt" (strook klippe), wat fantastiese uitsigte oor die Skiereiland bied. Sien: https://www.sanbi.org/gardens/kirstenboch/safety-on-the-mountain/nursery-ravine/silvertree-trail/. Ons stap via die Boomslang-paadjie terug na ons motors. Die Fynbos Kirstenbosch Tea Room is 'n opsie vir koffie agterna. | |

| **KORINGBERG-DAGSTAP** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 6 Junie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 25 Mei |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by Koringberg |

| | |
|---|---|
| **Stapleiers** | Magda Kritzinger en Esther Warnich |
| **Graad** | 2A (stapafstand 14 km; klimhoogte sowat 300 m) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie R200 (120 km x 2) (vir motor met 3 betalende passasiers / of reël self onderling). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Magda en Esther sê**: 'n Baie mooi dagstap deur Koringberg se koppies. Daar is 'n paar stewige (maar geleidelike) bulte, maar die blomme en die uitsigte maak dit die moeite werd. Koringberg se gasvryheid op sy beste. Ons kan ook inloer by die Desert Rose-padstap – https://www.desertrosefarmstall.co.za/. | |

| **DURBANVILLE-HEUWELS** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 13 Junie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 1 Junie |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by die Doordekraaldam in Angelierstraat (naby Majik Forest) |
| **Stapleiers** | Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171 |
| **Graad** | 2A (Stapafstand: 12 km. Klimhoogte: 300 m) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie afhangend van hoe ver jy moet ry. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Kobus en Edna sê**: Ons stap deur die groen strook in Doordekraal, Bellville – onder meer deur die Majic Forest met sy netwerk van roetes. Daar is paar stewige maar geleidelike bulte wat die uitsigte oor die Bolandse berg en omgewing die moeite werd maak. 'n Goeie stap om uit te kom in die natuur sonder om ver te ry of heeldag uit te bly. | |

| **TAFELBERG: PLATTEKLIPKLOOF** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 20 Junie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Woensdag 17 Junie |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by houthuisie by stapbeginpunt op Tafelbergpad |
| **Stapleier** | Abrie Marais by 082 578 3046 |
| **Graad** | 2B (5 km; 650 m klimhoogte) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Abrie sê:** Dit is een van daardie roetes wat hoër voel as wat dit lank is. Maar as jy bestendig stap, sal jy bo uitkom. Die idee van warm koffie op die berg by die kabelstasie se restaurant is ook aanloklik. Die uitsigte vanaf Tafelberg se voorste tafel en vanaf die boonste rotsagtige deel van Platteklipkloof bly prentjiemooi. | |

| **SILWERMYN 1: CONSTANTIABERG** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 27 Junie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 15 Junie |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by Silwermyn-Wes se parkeerterrein |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |
| **Graad** | 2B (12 km, 650 m+ klimhoogte, veeleisend) |

| | |
|---|---|
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Werner sê**: Ons stap die roete anti-kloksgewys (linksom). Ons loop op na die Olifantsooggrot via Steenbergrif en dan al met die olifant se "ruggraat" langs tot bo-op Constantiaberg tot by die maste en radarstasie. Daarna neem ons die steil paadjie af en keer via die "Amfiteater-roete" met sy fantastiese uitsigte oor Silvermyn terug na ons motors. | |

| **KAAPSTAD: MUSEUM OF ILLUSIONS** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 4 Julie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 22 Junie |
| **Beginpunt- en tyd** | 10:00 by Kloofstraat 10, Kaapstad |
| **Stapleier** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | 1A (stap deur die museum) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Kaartjies vir volwassenes: R250 pp. Kaartjies vir volwassenes 60+ en vir kinders tot 12 jaar: R200 pp. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Amanda sê**: Het jy as kind 'n kaleidoskoop gehad? By die Museum of Illusions word jy die "kraletjie" in die kaleidoskopp. "Museum of Illusions Cape Town is a unique and exciting museum dedicated to providing visitors with a fun, interactive and educational experience that challenges perception and inspires creativity. You will enjoy more than 60 visual and educational exhibits featuring holograms, stereograms, optical illusions, and immersive rooms that are designed to tease the senses and trick the mind." Dit is 'n plek wat met jou kop smokkel! Groot pret as jy in 'n groep gaan! Sien ook https://moicapetown.co.za/. | |

| **FAIRVIEW** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 11 Julie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 29 Junie |
| **Beginpunt- en tyd** | 09:00 by Fairview op die Suid-Agter Paarl-pad |
| **Stapleiers** | Gerrit en Mariette Nortjé by 082 929 8493 |
| **Graad** | 1A (7 km, klimhoogte 170 m) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | R100 per persoon / R80 vir kinders, studente en pensioentrekkers. Brandstofdonasie R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Gerrit en Mariette sê**: Ons stap 'n roete van 7 km deur die wingerde en bome by Fairview – dit vorm deel van die Paarl Trails-netwerk. Agterna kan ons Fairview verken. Fairview, wat in 1693 gestig is, is bekend vir sy ikoniese boktoring, Goatshed Restaurant, deli met meer as 50 soorte kaas, en plaasbakkery. | |

| WINTERFUNKSIE: FOTOGRAFIE-WERKWINKEL | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdagoggend 18 Julie |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 6 Julie |
| **Plek** | Sal aangekondig word |
| **Op die agenda** | Werkwinkel van sowat 2 uur oor selfoon-fotografie, aangebied deur professionele fotograaf Hanna Jacobs |
| **Groepgrootte** | 15 |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Vir saambring** | Selfoon / kamera, notaboek en pen |
| **Koste** | R150 per kop. Koffie, tee en ligte verversings ingesluit. |
| **Hanna sê**: As stappers is ons bevoorreg om van die mooiste natuurtonele te sien. Maar hoe vang 'n mens die mooi op 'n kamera vas? Dit riglyne en voorbeelde wat ek by hierdie werkwinkel deel, sal jou help om beter foto's te neem – maak nie saak of jy foto's met jou selfoonkamera of 'n SLR nie nie. Jy sal onder meer leer hoe om die komposisie van jou foto's te verbeter, foto's te redigeer, en beter foto's van mense te neem. Dit sluit talle wenke in oor hoe om jou selfoon se kamera beter te benut. Sien ook https://hannajacobs.co.za/courses/. | |

| TAFELBERG EXTREME DAGSTAP | |
|---|---|
| **Datum** | 25 Julie 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 13 Julie |
| **Beginpunt** | 06:00 vanaf Cecilia Forest se parkeerarea |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |
| **Graad** | 4C (veeleisend, 15 km met 1130 m klimhoogte) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Werner sê**: Ons begin reeds om 06:00 vanaf Kloofnek se parkeerarea. Ons stap met die Pipetrack langs tot ons die afdraai kry na die Diagonal roete. Ons klim met Diagonal op totdat ons die minder gebruikte paadjie van Porcupine Ravine teekom. Ons draai dan hier af en klim met die redelike styl roete tot bo-op die berg. As ons bo-op die berg is mik ons vir Maclears Baken voordat ons dan terugdraai na Platteklip Gorge. Ons volg dan die kontoerpad tot by Kloof Corner en dan terug na die parkeerarea. | |

| BAINSKLOOF DAGSTAP | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 1 Augustus 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 20 Julie |
| **Beginpunt** | 07:30 by Eerste Tol, Bainskloofpas |
| **Stapleier** | Steph du Toit by 082 851 9953 |
| **Graad** | 2B (sowat 10 km) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Stehp sê**: Ons stap 'n roete van sowat 10 km wat ons deur mooi klowe en rotsformasies neem. Mooi uitsigte. | |

| LANGEBAAN-KAMPNAWEEK IN BLOMMETYD | |
|---|---|
| **Datum** | Vrydagmiddag 7 tot Sondag 9 Augustus 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 4 Mei |
| **Basis** | Leentjiesklip-kampterrein tussen Langebaan en Klub Mykonos |
| **Stapleier** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | Saterdag 2A (sowat 14 km), Sondag 1A |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir kampnaweek met dagstappe. Bring eie tent en kampeertoerusting en sorg vir son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Kampeerkoste: sowat R352 vir die twee aande se kamp. Toegang tot Postberg: R121 (of Wildcard). Brandstofdonasie R380 (160 km x 2 = 320 km) (vir voertuig met 2 betalende passiers OF reël self onderling). Adminheffing R20 (lid) / R40 (besoeker). |
| **Amanda sê**: Hierdie is 'n kans om blomme te sien sonder om vreeslik ver te ry. Ons basis vir die naweek is die Leentjiesklip-vakansieoord (baie mooi sonsondergange) tussen Langebaan en Klub Mykonos. Dit is sowat 120 km vanaf Kaapstad. Die plan is om die Saterdagoggend baie vroeg op te staan en die 40 km tot by Postberg te ry en 'n roete van 14 km in die Postberg-natuurreservaat in die Weskus Nasionale Park by Langebaan te doen. Postberg is bekend vir sy blomme en die kombinasie van blomme en see is besonders. Die Sondag verken ons die omgewing voor ons die pad terug vat Kaap toe. | |

| JONKERSHOEK: JEEPPAD-SIRKELROETE | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 15 Augustus 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 3 Augustus |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by hek van natuurreservaat |
| **Stapleiers** | Gerrit en Mariette Nortjé by 082 929 8493 |
| **Graad** | 1A (11 km, klimhoogte 156 m) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit R70. Brandstofdonasie R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Gerrit en Mariette sê:** Ons parkeer by die ingang van die Jonkershoek-natuurreservaat en stap antikloksgewys al met die jeeppad langs tot weer by die hek. Ons halfpadmerk is die Witbrug – bring lekker koffie en broodjies. Dit is 'n maklike en toeganklike roete omring met pragtige berge. 'n Lekker dagstap en goeie wegbreek van jou naweekroetine. | |

| CATS SE PAD, MONT ROCHELLE, FRANSCHHOEK | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 22 Augustus 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 10 Augustus |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by hek van natuurreservaat |
| **Stapleiers** | Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216 |
| **Graad** | 2B (11 km, 450 km klimhoogte) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit R70. Brandstofdonasie R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Werner en Brenda sê**: Die roete begin by in Reservoir-straat in Franschhoek en volg deels 'n wapad van 1819. Die roete het 'n lekker klim wat vir mooi uitsigte sorg. Ons eindig by die historiese JanJoubertsgat Brug (in 1825 gebou) in die Franschhoekpas. Sien ook https://montrochellehiking.co.za/2020/11/11/cats-path-trail/. | |

| TAFELBERG: OP MET 3 FIRS RAVINE EN AF VIA GROOTKOP EN OUDEKRAAL RAVINE | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 29 Augustus 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 17 Augustus |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:30 by die Theresa Avenue jeep track in Bakoven – sien https://goo.gl/maps/jsiotDDBhj12 |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |
| **Graad** | 3C (veeleisend; 12 km, 1000 m klim) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met son-, reën- en windbeskerming, water, kos, ens. Maak gereed vir enige weersomstandighede. |
| **Koste** | Brandstofdonasie R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker) |
| **Werner sê**: Ons begin in Theresaweg en stap met die Pipetrack langs totdat ons by 3 Firs Ravine se afdraai kom. Dan stap ons met hierdie steil maar baie mooi ravyn op tot bo-op Tafelberg se agterste tafel. 'n Kop vir hoogtes is hier belangrik. Ons stap 'n ent op die agterste tafel aan tot by Grootkop, waar ons dan tot op die hoogste punt van die 12 Apostels klim. Ons sak dan weer af tot op die Pipe Track via Oudekraal Ravine en volg dan die roete terug tot by die motors. 'n Baie mooi en moeite-werd dagstap. | |

| TAFELBERG: TWAALF APOSTELS | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 5 September 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 24 Augustus |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by Oudekraalweg 37, Kampsbaai |
| **Stapleiers** | Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171 |
| **Graad** | 2B (redelik), 14 km |
| **Groepgrootte** | Onbeperk |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie: R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). Geen permitkoste nie. |
| **Kobus en Edna sê**: Hierdie sirkelroete bied ongelooflike mooi uitsigte oor die Atlantiese kus bokant Oudekraalbaai en Cosy-baai. Die roete loop naby die Twaalf Apostels Hotel verby, deur pragtige fynbos en kolle inheemse woud, en verby reusagtige granietrotse met uitsigte oor Llundudno en Klein Leeukop. Dit is 'n onthoubare mooi stap. | |

| ANURA-WYNPLAAS | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 12 September 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 31 Augustus |
| **Beginpunt- en tyd** | Anura |
| **Stapleiers** | Wynand en Madeleine Krause by 084 573 3171 |
| **Graad** | 1A |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie: R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). Geen permitkoste nie. |

| |
|---|
| **Wynand en Madeleine sê**: Ons stap 'n roete op Anura-wynplaas aan die voetheuwels van Simonsberg (Klapmuts-afdraai vanaf N1, dan Simondiumpad). Pragtige omgewing met mooi uitsigte. Agterna kan ons die deli en Forest Hill Kaasmakery besoek. |

| **LEOPARD'S TRAIL, BAVIAANSKLOOF, OOS-KAAP** | |
|---|---|
| **Datum** | Vrydag 11 tot Woensdag 16 September 2026 (rydatums ingesluit) |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 8 Junie |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | 2B – veeleisend (totale stapafstand 63 km; klimhoogtes tot 500 m op 'n slag) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir oornagstap waar ons met dagsakkies stap en ons oornaggoed van hut na hut vervoer word (slackpacking). Maak gereed vir enige weersomstandighede en sorg dat jy fiks en voorbereid is. |
| **Koste** | Stappermit en verblyf voor en na die stap: R3 800 pp. Brandstofdonasie: R1 400 pp (590 km x 2 = 1 180 km). Adminheffing R40 (lid) / R80 (besoeker). |
| **Amanda sê**: Hierdie is ons groot stap van die jaar. Ons vertrek Vrydag 11 September uit die Kaap en ry via Willowmore na die Red Cliffs-plaashuis aan die begin van die roete. Ons slaap ook hier die dag waarop ons klaar stap sodat ons nie hoef te jaag om terug te ry Kaap toe nie. Ons stap van Saterdag 12 tot Dinsdag 15 September en ry Woensdag 16 September terug Kaap toe. Dag 1 = sowat 10 km (3 – 5 uur), Dag 2 = 18 km (5 – 8 uur), Dag 3 = 22 km (6 – 9 uur), Dag 4 = 13 km (3 – 5 uur). Sien roetebeskrywing hier: https://gobaviaans.co.za/project/route-and-map/. "This is true wilderness hiking. A single-track path meanders through the inaccessible mountains of South Africa's third largest wilderness area. With the Baviaanskloof hosting 7 of SA's 8 biomes, the Leopard Trail offers an unparalleled diversity of landscapes. The Leopard Trail was designed for hikers by hikers. The trail and overnight sites were purposely created to inspire WOW, and to connect hikers to the magic of true wilderness." | |

| **LEOPARD'S LOOP, HELDERBERG, SOMERSET-WES** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 19 September |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 7 September |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by klipboog in die reservaat waar die roetes begin |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | 2A (sowat 10 km; 450 m geleidelike klim) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Hekgeld R30 pp (R20 vir mense bo 60 en kinders tot 17 jaar) en R20 per voertuig. R120 brandstofdonasie. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Amanda sê**: 'n Lekker vroegoggendstap sirkelroete eers tot bo in Disakloof en dan terug net sodat ons "in oefening bly". Ons stap op die jeeppad op, eet iets bo by die omdraaipunt in die inheemse woud, en stap dan met voetpaadjie terug. Die roete het baie mooi uitsigte oor die Helderbergkom. | |

| **MATOPPIE BY BERGRIVIERDAM, FRANSCHHOEK** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 26 September |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 14 September |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by Bergrivierdam se wal: https://goo.gl/maps/FJy6X6eoW5isz9a8A |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |

| | |
|---|---|
| **Graad** | 2A (stapafstand 13 km; klimhoogte 306 m) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit: R80. R120 brandstofdonasie. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

**Werner sê:** Ons stap eers 'n ent langs die Bergrivierdam en dan antikloksgewys om Matoppie – met 'n lekker stop vir koffie en broodjies. 'n Baie lekker stap met mooi uitsigte, maak nie saak wat die weer maak nie.

## PERDEBERGPIEK, KLEINMOND

| | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 3 Oktober |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 21 September |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by Fairy Glen-piekniekterrein (aan oostekant van Palmietrivier, naby die ou betonbrug en net buite Kleinmond) |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | 2B (stapafstand 13 km; klimhoogte 769 m, geleidelike klim) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. Maak gereed vir enige soort weer. |
| **Koste** | R170 brandstofdonasie (106 km x 2). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |

**Amanda sê:** 'n Stewige klim, ongelooflike mooi uitsigte en 'n behoorlike “sense of achievement” – dit is wat Perdebergpiek by Kleinmond jou belowe. Die roete begin by die piekniekplek waar die brug oor die Palmietrivier gaan tussen Betteysbaai en Kleinmond. Ralph Pina beskryf dit so: “The hike from Feetjiesbos (or Fairy Glen), near the Palmiet bridge, to Perdeberg Peak and back, in the Kogelberg Biosphere Reserve, is not hard. It rises through rich fynbos at an easy gradient, gradually revealing views of the sweep of Sandown Bay beach to the Bot River mouth, the Three Sisters, grand vistas of the Elgin plateau north to the Hottentots Holland mountains as you breast the ridge, culminating in a commanding view of the Palmiet lagoon Oudebosch, Platberg, Buffelstal, Rooielsberg and Kogelberg peak. At one point the Cape Hangklip lighthouse fleetingly winks through Leopard Gorge’s cleft. On this day we could see clear across to the Cape Peninsula. https://ralphpina.com/2025/05/perdeberg-hike/

## TYGERBERG-NATUURRESERVAAT

| | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 10 Oktober 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 28 September |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by reservaat se hek |
| **Stapleier** | Mariette Nortjé by 082 929 8493 |
| **Graad** | 2A (redelik, paar geleidelike opdraande, 11 km / 4 uur) |
| **Groepgrootte** | Onbeperk |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | R40 toegangsgeld by hek (R30 vir mense bo 60). Brandstofdonasie sal afhang van hoe ver jy moet ry. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker) |

**Mariette sê**: Die 67-hektaar Tygerberg Natuurreservaat op ons drumpel bied mooi uitsigte, 158 voëlsoorte, 40 soorte skoenlappers, wildsbokkies, hasies, bergskilpaaie, en mooi renosterveld. Die 'tyger' in die naam kom van die Nederlands vir luiperd. Kolle vaalbruin gras word met grys-groen fynbos afgewissel – wat maak dat die plantegroei op die heuwels van ver af soos die kolle op 'n luiperd lyk. Goeie stap vir gesinne.

| KAAPPUNT-NAWEEKSTAP (CAPE OF GOOD HOPE-ROETE) | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 17 tot Sondag 18 Oktober 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 13 Julie |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by die ingangshek na die Kaappunt-natuurreservaat (ons voertuie word veilig by die hek en binne die natuurreservaat parkeer) |
| **Besprekings** | Santie Kies by 082 299 1753 |
| **Graad** | 2B (Dag 1: 15.5 km, 523m klimhoogte; Dag 2: 21,5 km, 543 klimhoogte) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. Maak gereed vir enige soort weer. Kan die Saterdagaand braai by die hut. |
| **Koste** | Stappermit R443 per persoon + Bewaringsfooie van R110 per persoon (geen Bewaringsfooi as jy Wildcard het). (Die bewaringsfooie is by die hek betaalbaar met jou krediet- of debietkaart – geen kontant.) Bring ook jou SA ID-dokument saam (Suid-Afrikaners betaal minder bewaringsfooie as buitelanders, maar hulle wil jou ID sien). Brandstofdonasie R190 (2 x 80 km). Adminheffing R20 (lid) / R40 (besoeker). |
| **Santie sê: Dag 1**: 15,5 km oor sowat 6 uur. Ons stap kloksgewys reg rondom die reservaat. Ons stap oor of om die pieke aan die Valksbaaikant van die reservaat tot ons op Kanonberg kom. Dan sak ons af na 'n deel langs die kus wat enige dag net so mooi soos die Otter is. Die laaste end is opdraand na ons oornaghutte (Restio en Protea) by die Goldfields-opvoedingsentrum naby die punt. Ons braai die aand. Warmwaterstorte en toilette. 10 uit 10 uitsig vanaf die hut – met Valsbaai aan die een kant en die Atlantiese Oseaan aan die ander kant. **Dag 2**: 21,3 km oor 9 uur. Ons begin vroeg en stap af met die koppie tot by die see (Atlantiese kus) en loop dan vir 'n lang ruk al langs die see tot ons uiteindelike binneland toe draai in die rigting van die reservaat se hoofingang. Ons loop oor interessante koppies op hierdie gedeelte. 'n Baie spesiale stap. | |

| SCARBOROUGH: BASKLOOF | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 24 Oktober 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 12 Oktober |
| **Beginpunt- en tyd** | 08:00 by die parkeerarea by die see by Scarborough |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |
| **Graad** | 2B (12 km, 600 m klimhoogte, steil klim plek-plek) |
| **Groepgrootte** | 12 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit: R60. Brandstofdonasie: R105 (65 km x 2) (motor met 3 betalende passasiers). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker) |
| **Werner sê**: Ons stap die Fynbosroete in die berge bokant Scarborough (so 10 km suid van Kommetjie). Die Baskloof Privaat Fynbosnatuurreservaat “straddles the mountains around and behind the Conservation Villages of Misty Cliffs and Scarborough on the M65 south”. Ons begin stap vanaf die parkeerarea by die see in Scarborough. Ons stap eers tot bo-op die plato voordat ons links draai na die ander Grootkop met sy mooi rotsformasies. Ons stap aan na die Kleinplaasdam waar ons kan swem as die weer reg is. Op pad terug draai ons regs uit na Platberg waar 'n asemrowende mooi uitsig oor die Atlantiese Oseaan en Kaappunt op ons wag. Hiervandaan stap ons terug na die motors. Baie mooi uitsigte oor die Atlantiese Oseaan, baie mooi fynbos en rotsformasies. | |

| **DWARSBERG TROUT HIDEAWAY, RAWSONVILLE** | |
|---|---|
| **Datum** | Vrydagmiddag 30 Oktober tot Sondag 1 November |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 27 Julie |
| **Basis** | Dwarsberg Trout Hideaway, Rawsonville |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |
| **Graad** | Wissel volgens dagstap – 1A tot 2B |
| **Groepgrootte** | 20 |
| **Inpak** | Soos vir kampnaweek met dagstappe. Eie tente en kamptoerusting. Braai saans. Dagstappe met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Kampgeld: R620 per persoon. Brandstofdonasie R200 (2 x 86 km) (motor met 2 betalende passasiers). Adminheffing R20 (lid) / R40 (besoeker). |
| **Amanda sê:** Hierdie kampterrein is so besonders en gewild dat ons reeds op 21 Januarie 2025 moes bespreek om plek te kon kry vir laaste naweek van Oktober 2026. Dit is ook nie ver om te ry nie. Ons het River Campsite 2 (https://www.trouthaven.co.za/rooms/camp-site-2/) gekry – met gras en 'n riviertjie wat "voor ons deur" verby loop. Daar is elektrisiteit en warm storte. Verskeie dagstappe en aktiwiteite wat nader aan die tyd deurgegee sal word – moontlik ook besoek aan Bosjes met sy kapel met die "vlerke"-dak. Die ideale wegbreek vir hierdie tyd van die jaar. Sien ook https://www.trouthaven.co.za/ | |

| **CLARA ANNA FONTEIN DAGSTAP BUITE DURBANVILLE** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 7 November 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 26 Oktober |
| **Beginpunt- en tyd** | 09:00 by Clara Anna Fontein Natuurreservaat se ingang vanuit Odendaalstraat, Aurora, Durbanville |
| **Stapleiers** | Wynand en Madeleine Krause by 084 573 4376 |
| **Graad** | 1A (10 km, 105 klimhoogte – geleidelike bult) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit R100. Brandstofdonasie sal afhang van afstand wat jy moet ry. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Wynand sê**: Ons stap 'n sirkelroete van sowat 10 km oor die heuwels buite Durbanville met pragtige uitsigte oor die Bolandse berge. 'n Hele paar wildsoorte en ook sebras is hier gevestig. Ons hou piekniek by een van die uitkykpunte. | |

| **FRANSCHHOEK: JAN JOUBERTSGAT-SIRKELROETE** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 14 November 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 2 November |
| **Beginpunt- en tyd** | 07:30 by Jan Joubertsgat Brug in Franschhoek-pas |
| **Stapleier** | Werner Dalziel by 082 579 0968 |
| **Graad** | 2B (9 km, 368 m klimhoogte) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Permit R100. Brandstofdonasie: R120. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Werner sê**: Ons begin in die Franschhoekpas by die historiese Jan Joubertsgatbrug wat in 1825 gebou is. Ons stap hiervandaan op na die plato waar daar uitsigte is oor die Theewaterskloofdam voordat ons | |

| |
|---|
| terug draai in die rigting van Franschhoek. Ons stap aan tot by 'n jeeppad waar ons dan klim tot bo-op 'n koppie wat uitstekende uitsigte oor die Franschhoek-vallei bied. Ons stap terug na ons motors al langs die Franschhoekpas. Die sirkelroete bied mooi uitsigte oor die Mont Rochelle berge en is ook bekend vir sy mooi fynbos. Na die tyd kan ons bietjie voete in die water sit onder die brug. |

| **JAAREINDFUNKSIE** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 21 November 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 19 Oktober |
| **Plek** | Word later bekend gemaak |
| **Op die agenda** | Bekendstelling van 2027 se stapprogram (sodat jy volgende jaar se stappe kan beplan), lekker eet en kuier. Meer besonderhede word later deurgegee. |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |

| **WYNKELDERSTAP** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 28 November 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 16 November |
| **Beginpunt** | Tyd en plek sal later deurgegee word |
| **Stapleier** | Steph du Toit by 082 851 9953 |
| **Graad** | 1A (redelik) |
| **Groepgrootte** | 16 |
| **Inpak** | Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens. |
| **Koste** | Brandstofdonasie R100. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). |
| **Steph sê**: Hierdie toer is baie gewild en dit sal ons 19de wyntoer wees. Dit is die ideale geleentheid om meer van ons omgewing se wynroetes uit te vind en om interessante nuwe wyne te proe en aan te koop. | |

| **TREINRIT: KAAPSTAD NA KALKBAAI EN TERUG** | |
|---|---|
| **Datum** | Saterdag 5 Desember 2026 |
| **Bespreek vanaf** | Maandag 23 November |
| **Beginpunt** | Kaapstad-Stasie om 07:00 (trein vertrek 07:30) |
| **Besprekings** | Amanda Matthee by 082 570 3895 |

**GRADERING VAN ROETES**

By elke roete is 'n gradering wat uit 'n syfer en 'n letter bestaan (soos 1A of 2B). Belangrik: Hierdie dien net as 'n hulpmiddel. Sanlam-Staptoerklub kan nie 100% akkuraatheid waarborg nie. Meer inligting is gewoonlik by die stapleier beskikbaar.

**Syfers = die fisieke moeilikheidsgraad van die roete**

1. Maklike stap
2. Redelik
3. Veeleisend
4. Slegs vir uiters fikse mense

**Letters = blootstelling aan hoogtes**

A. Geen blootstelling aan hoogtes
B. Effense blootstelling aan hoogtes

C. Redelike blootstelling aan hoogtes
D. Groot blootstelling aan hoogtes

**VOORDELE VAN LIDMAATSKAP**

- Veilige infrastruktuur vir stap
- Vooruitbeplande jaarprogram
- Voorkeur op besprekingslyste
- Lojaliteitsprogram
- WhatsApp-groep net vir lede (SSWAG)
- Gereelde e-nuusbriewe
- Kleiner adminheffing

**LIDMAATSKAP EN ALGEMEEN**

- **Lidmaatskap 2026**: Individuele lidmaatskap is R110 per persoon vir 2026. Lidmaatskap per paar is R190 (hooflid en gade OF hooflid en 1 afhanklike kind bo 18). Bestaande lede hoef nie weer 'n vorm in te vul nie (tensy jou besonderhede verander het). Nuwe lede kan ons vorm by www.sanlamstaptoerklub.co.za kry.
- **Programwysigings**: Die program kan sonder voorafkennisgewing verander word (stappe kan byvoorbeeld gekanselleer word weens reën, brande, of die sluiting van 'n natuurreservaat). Maak dus altyd seker van die datum, tyd, roete, vertrekpunt en koste. Die volledige program is vanaf die begin van die jaar of by die algemene jaarvergadering beskikbaar. Dit is die beste om te sorg dat ons jou e-posadres het sodat jy ons e-nuusbrief met die jongste inligting kan kry. Ons WhatsApp-groep SSWAG is vir lede en ons gebruik dit om byvoorbeeld Sondagaande lede te herinner aan watter stappe se besprekings die Maandag open.
- **Koste**: Permitgeld (indien van toepassing), brandstofdonasie (uitgewerk volgens formule vir dagstappe en formule vir roetes met lang ryafstand OF reël self onderling), verblyf (indien van toepassing), en administrasieheffing van R10 per lid per dag of R20 per besoeker per dag. Adminfooi vir kinders onder 12 = R10 per dag.
- **Ander datums vir 2026**: Kaapstad Fietstoer: 8 Maart. Menseregtedag: 21 Maart. Paasnaweek: 3 – 6 April. Vryheidsdag: 27 April. Werkersdag: 1 Mei. KKNK: 28 Maart – 4 April. Moedersdag: Sondag 10 Mei. Jeugdag: 16 Junie. Vadersdag: Sondag 21 Junie. Vrouedag: 9 – 10 Augustus. Erfenisdag: 24 September. Versoeningsdag: 16 Desember. Kersdag: 25 Desember.

**HOE OM VIR 'N STAP TE BESPREEK**

- **Wanneer**: Besprekings vir oornagstappe open 3 maande voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings vir dagstappe open 2 weke voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings word by die stapleier (of stapkoördineerder indien daar stapleier én stapkoördineerder is) gedoen.
- **Lede en nie-lede**: Op alle oornagstappe met ‘n beperkte getal persone kry lede vir die eerste twee weke voorkeur bo nie-lede. *Maak dus seker jou ledegeld is betaal indien jy nie wil afskuif op die lys nie.*
- **Prosedure**: Jy kan *stiptelik vanaf 07:00* op die dag waarop die besprekings open begin bel, 'n stemboodskap los, of 'n SMS of WhatsApp stuur. Hierdie verskillende oproepe en boodskappe word afgehandel in die volgorde wat hulle, volgens die tyd aangedui, ontvang is. Vir stappe met 'n beperkte aantal persone mag jy net vir TWEE mense bespreek. Indien jy bel, hou asseblief die oproepe en stemposse kort. Stemposse, boodskappe en oproepe vóór 07:00 skuif na die einde van

die lys wanneer die stormloop afkoel. Plekke op 'n stap word daarna toegeken. Aansoekers sal so gou doenlik in kennis gestel word of hulle suksesvol was of nie.

- **Jou verantwoordelikheid**: Jy kan tydens die eerste ses weke nadat die besprekings vir oornagstappe geopen het, kanselleer sonder enige aanspreeklikheid vir koste. Ses weke voor die stapdatum is die volle bedrag betaalbaar. As jy binne een maand voor die stapdatum kanselleer, verbeur jy die volle bedrag, tensy daar ’n persoon op die waglys is of jy iemand in jou plek kry wat vir die bestuur en die stapleier aanvaarbaar is.
- **Fiksheid vir veeleisende stappe**: Daar word verwag dat jy sal sorg dat jy fiks genoeg en voorbereid is om die stap mee te maak maar die finale beslissing berus by die stapleier.

**HOE OM STAPGELD TE BETAAL**

- **Internetbetalings in die “62-rekening”**: First National Bank. Rekeningnaam: Sanlam-Staptoerklub. Rekeningnommer: 62049730999. Tak: Civic Centre, Bellville. Takkode: 200910.
- **Inbetalingsbewys vir stapgeld**: Stuur aan André Venter by andre@matimbers.co.za en aan die stapleier / staporganiseerder.
- **Verwysing by jou inbetaling**: jou naam en van + die stap se naam (bv. Piet Pakstap Kaappunt)

**HOE OM LEDEGELD TE BETAAL**

- **Internetbetalings in die “62-rekening”**: First National Bank. Rekeningnaam: Sanlam-Staptoerklub. Rekeningnommer: 62049730999. Tak: Civic Centre, Bellville. Takkode: 200910.
- **Inbetalingsbewys vir ledegeld**: Stuur aan Steph du Toit by steph@essef.co.za
- **Verwysing by jou inbetaling**: jou naam en van + ledegeld (bv. Piet Pakstap ledegeld)

www.sanlamstaptoerklub.co.za | Selfoon 082 570 3895 | amandam@mweb.co.za

***Kom verken die land saam met ons!***